

Sondag 28 April

Skrifgedeelte: Daniël 7

**Fokusgedeelte: Daniël 7:13, 14
(1933/53-vertaling)**

Vat moed vanweë die Een uit die hemel!

Die droom van Nebukadnesar van Daniël 2 is aan die algemene Bybelleser bekend. Hier word “koninkryke van hierdie wêreld” simbolies as ’n beeld voorgestel, ’n beeld opgebou uit verskillende gedeeltes (kop, bors, ens.) en stowwe (goud, silwer, ens.). Hierdie beeld sou dan verskillende “koninkryke” (regeringstydperke) voorstel, waar die een die ander na ’n verloop van tyd vervang.

Daniël 7 sluit in sy naggestigte hierby aan – ook hier gaan dit oor “koninkryke van hierdie wêreld”. Hierdie koninkryke word egter as diere beskryf wat vanuit die see opkom waardeur hulle as gewelddadig en onheilspellend” in hulle regering geëtiketteer word. Die geskiedenis is dan ook vol van hierdie “koninkryke van die wêreld” wat deur geweld en dreiging die leisels van mag opeis en in die hand hou.

Daniël 7 bevat egter ook ’n vyfde naggestig (vs 13, 14). Hierdie gesig verskil van die eerste vier in die sin dat hier nie sprake is van diere wat uit die see opkom nie, maar wel ’n mens wat uit die hemel kom. Hier tree dus ’n hoër wese (mens) na vore en nie uit die donkerte van die see nie, maar uit die heerlijkheid van die hemel. Die openbaring: Hierdie is ’n regeringstyd wat verskil van die vorige.

Ter verduideliking: In Daniël 2 word verwys na ’n klip wat losraak en die beeld fyn stamp om dan ’n rots te word wat die hele aarde vul – geen plek meer vir die “koninkryke van die wêreld” nie. Die vyfde naggestig openbaar juis dit – die aanbreek van die Messiasryk met die Seun van ’n (die) mens, die Christus, wat sy koninkryk in stand hou nie deur geweld en dreiging nie, maar deur sy Woord en Gees. *’n Heilskoninkryk waarin ons nou reeds deel en die volheid daarvan sal beleef met die tweede koms van die Een uit die hemel.*

Sing: Psalm 146-1:1, 3

Ds. HJP de Beer (Hendrik) (Magol/Koedoesrand)